

# KOERSVAS

Jaargang 5      Uitgawe 99      4 November 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Gemengde gevoelens

Daar is die grappie wat stel dat die toppunt van gemengde gevoelens is wanneer jou skoonma met jou nuwe Mercedes oor die afgrond ry. Persoonlik kan ek nie met die grap identifiseer nie, my skoonma is 'n dierbare mens en my ma is 'n dierbare skoonma vir my goeie gade. Ek weet wel van baie gespanne verhoudings tussen skoonfamilies en kan my goed indink dat die grap in sodanige situasies goed byval sal vind.

Ek wil 'n nuwe toppunt van gemengde gevoelens voorstel. Dit is wanneer dit wat jy voorspel het, waar word. Laat my toe om te verduidelik.

In die jaar 2010 het die besluit dat apartheid sonde is (ten spyte van 'n groot skare wat ons teenstem laat notuleer het), gelei tot 'n skeiding van die weë. Ons het toe gewaarsku dat die NHKA sy morele en teologiese kompas verloor het. Ons het gewaarsku dat die weg waarop die NHKA was, sou lei tot vele dwase besluite in die toekoms. Ek het toe reeds gewaarsku dat die aanslae rondom die saak van homoseksualiteit gaan aanhou. Ek het voorspel dat die NHKA selfdegeslag-verhoudings gaan normaliseer. As deel van my waarskuwing, het ek die saak as **Saak 4** in die Staat van Belydenis (Junie 2012) gevoeg. Ek moes daardie deel van die Staat van Belydenis versigtig verwoord, want toe was die NHKA nog by die Bybelse standpunt oor die saak.

My en talle ander GHG predikante se waarskuwings het op dowe ore geval en nou het die bom gebars. Ons waarskuwings en voorspellings ten spyte, het die NHKA wel die vooraf beplande en gewraakte besluit geneem. 'n Mens moet seker die opstellers van beskrywingspunt 41 gelukwens met die slinkse manier waarop die saak verwoord is. Daar is steeds intelligente afgevaardigdes wat nie weet wat hulle besluit het nie. Hulle het dr Dreyer en kie blindelings vertrou, hy het immers tydens die bespreking aangedui dat hy na maande se denke persoonlik instaan vir elke woord en komma wat in die besluit opgeneem is.

Daar is 'n groot versameling lidmate wat nie weet van die besluit nie. Daar is baie lidmate wat nie beseft wat die besluit impliseer nie, wat nog te praat van direk stel. Afgevaardigde predikante en ouderlinge wat wel weet wat die inhoud en betekenis van die besluit is, bly daaroor stil omdat hulle weet dat lidmate die pad sal vat. Ander vertel gewoon niks omdat hulle nie beseft wat hulle goedgekeur het nie. Hulle het nog nie my analise (opgeneem in Die Skietlood, Aanlas 2) gelees nie.

Tog raak meer mense bewus van die feit dat die Evangelie op die spel is omdat die NHKA se etiek nou nie meer as Bybels beskryf kan word nie.

Amper daagliks hoor ons van lidmate wat beseft het wat gaan aan. Baie van hulle het die wyse skuif gemaak en by Bondsgemeentes aangesluit of na ander kerke oorgegaan. Baie is net te moedeloos of verknoeg aan die dop van die voormalige

Voortrekkerkerk om te besef die Voortrekkerkerk leef voort in die vorm van die GHG.

Dit bring my terug by die toppunt van gemengde gevoelens. Woede, hartseer, rustigheid en angs wel gesamentlik in my gemoed op. Mens sou dink dat ek tevrede moet wees dat ons profetiese woorde waar geword het. En tog is dit nie nie die geval by my of wat ek by enige GHG- predikant hoor nie. Die eerste reaksie is een van hartseer. Ons was so lank deel van die NHKA, dit is amper op genetiese vlak in ons menswees. Aan God die dank dat die Geloofsbond gemeentes die kerngroep is in wie die hart van die Voortrekkerkerk voortklop. Dit is net so jammer dat die kerk van my kindwees en menswording so kettters geword het. Maar ek is ook kwaad, kwaad vir diegene wat die kerk meedoënloos vir ideologiese gewin geëskaap het. Kwaad vir hulle wat deur hulle vervolging van my en andere dit vir my onmoontlik gemaak het om in die NHKA te bly en van binne 'n verskil te maak. Nie dat ek dink ek meer sou kon regkry tydens hierdie 2016 AKV- indien ek steeds deel van die NHKA was- as om teen die saak te praat en my teenstem te voeg by die nou klein groepie mense wat wel hulle teenstem laat notuleer het nie. Ek is ook kwaad vir die ampsdraers wat hierdie besluit aktief bevorder het, veilig in die wete dat die kombinasie van kerkgehegtheid en onkunde sou maak dat die NHKA nie leegloop nie. Kwaad vir die lidmate wat Kerk (NHKA) kies bo God. Ek kan my nie indink hoe jy in 'n kerk kan bly wat homoseks as normaal sien nie.

Daar is darem ook 'n gevoel van verligting. Ek is verlig dat ons waarskuwings profeties blyk te gewees het. Ek is verlig dat ek nie meer onwetend deel van daardie korrupte situasie is nie. Met situasie bedoel ek n liberale, in baie opsigte akademiese, binnekring wat oortuig is dat hulle deur opleiding en manipulasie die NHKA-skip kan stuur. Daar word mooi woorde gebruik, maar dit is die grimering wat op 'n lyk geplaas word.

Gemengde gevoelens, ja hulle woed in my, maar ek bly getrou aan God, getrou aan sy Woord.

Dr Johan Otto.

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS**

### **BONDSVERGADERING**

Die notule word afgerond deur die Skriba van die Grootvlei GHG vergadering in samewerking met die Sekretaris. Die finale produk sal aan almal afgestuur word.

'n Besluitbundel sal beskikbaar gestel word en u word versoek om toe te sien dat alle besluite en opdragte soos deur die Bondsvergadering bepaal, die nodige aandag geniet.

### **GHG KOMITEES**

Alle komitees word daarop gewys dat opdragte soos deur die Bondsvergadering aan komitees opgedra, so spoedig moontlik aandag moet kry. Komitees word versoek om voor die einde van 2016 reeds te vergader met die oog op die uitvoering van opdragte. Komitees is welkom om hierdie vergaderings aanlyn of by wyse van kletskamers of e-pos korrespondensie af te handel.

### **REGSKWESSIES**

Om regs-kostes te besnoei, word u versoek om alle navrae rakende hofsake of regs-aangeleenthede aan dr. MA Botma (andre.botma@telkomsa.net) te rig. Indien dit nodig is, sal dr. Botma die sake met ons regsverteenvoerders bespreek.

Ons versoek u dus om asseblief nie regstreeks met die regsverteenvoerders te kontak nie, aangesien dit addisionele uitgawes tot gevolg het!

### GEMEENTENUUS

As Bondsgemeentes wil ons graag die onderlinge band wat ons met mekaar het koester en versterk. U word versoek om gemeentenuus, projekte, beroepe, lief en leed en verandering van kontakbesonderhede aan dr. Johan Otto by e-pos [jotto1@absamail.co.za](mailto:jotto1@absamail.co.za) of [drotto1.jo@gmail.com](mailto:drotto1.jo@gmail.com) te stuur sodat dit in ons publikasies bekend gemaak kan word.

### BEROEPENUUS

Na die aanvaarding van die beroepe van di Jaap en Tharina Steenkamp na die Kalahari kombinasie is gemeente Potchefstroom Die Wilge vakant. Die gemeente het besluit om die vakante standplaas te adverteer.

- Slegs Bondsgeakrediteerde predikante sal in aanmerking kom.
- Die sluitingsdatum is 30 November 2016.
- 'n Beroepskommissie sal 'n kortlys uit aansoeke opstel waarna
- gesprekvoering vanuit die Kerkraad sal plaasvind.
- Aansoeke kan gerig word aan die skriba. Dr. Koos Janse van Rensburg [koosjvr@megasurfwifi.co.za](mailto:koosjvr@megasurfwifi.co.za)
- Navrae oor die vergoedingspakket kan gerig word aan die kerkkantoor (Liza le Roux) 0724428515 ,0182974394 of per e-pos [diewilgegemeente@yahoo.com](mailto:diewilgegemeente@yahoo.com) wie dit aan die Advieskommissie sal besorg.

### VERJAARDAGDINEE

- **Liewe Vriende en Mede-gelowiges,**  
Prof Hennie van der Westhuizen word 80!!!  
U word hiermee hartlik uitgenooi om sy verjaarsdagdinee by te woon.  
Datum: 25 November 2016  
Plek: Premiermyn Hervormde Kerk  
(GPS: S25°40.672'; E28°32.188')  
Drag: Formeel

Koste: R160 pp vooraf met internet- of bankbetaling

R200 pp kontant by ingang

Tyd: 18:00 vir 18:30

Bevestig asseblief voor/op 31 Oktober 2016:

- Yvette Otto  
[zyvetto@gmail.com](mailto:zyvetto@gmail.com) (072 223 7522)
- Jaap Steenkamp  
[jaapsteenkamp@yahoo.com](mailto:jaapsteenkamp@yahoo.com)  
(072 233 6445)

Bankbesonderhede HDV Premiermyn

Nedbank Premier Mine

1045 788 368

Takkode 162 050

Kinders welkom – kontak asseblief organiseerders vir verdere reëlings in hierdie verband

Groete, Jaap Steenkamp

### BESLUIT OOR HOMOSEKSUALITEIT

Die NHKA se 71e AKV se besluit om homoseksualiteit te “normaliseer” bly in die nuus. Daar is baie ampsdraers en lidmate wat ontken dat sodanige besluit geneem is. Aangeheg is die analise van die besluit soos aanvaar. U word versoek om die inligting so wyd moontlik te versprei. Sommige predikante gaan waarskynlik alles in hulle vermoë doen om die inligting van hulle lidmate te weerhou en die media speel duidelik saam.

### Gemeentenuus: BLOEMFONTEIN



Op Sondag 11 September 2016 is weer geskiedenis gemaak in Gemeente Bloemfontein toe Richard Moolman die tweede katkisant geword het om in die gemeente belydenis van geloof af te lê. Op die foto verskyn vlnr: Oudl JH (Jack) Bezuidenhout - oudl vir kategese, ds LJ (Lewis) Strauss, br R (Richard) Moolman en oudl JJ (Das) Steyn - wyksouderling.

### HOSPITAALBESOEK 2017

Hospitaalbesoek : Klerksdorp  
Ouderling Pieter Greyling het aangebied om van die G H G Lidmate wat in die Klerksdorp hospitale opgeneem word te besoek. Baie dankie vir die mooi gebaar.

Kontak : P Greyling 083 430 1910  
Mev A Greyling 083 557 0414

### VAKANSIEKOMPETISIE: PREMIERMYN

Ondersteun gerus Premiermyn se vakansiekompetisie en gaan rus by die Wildekus. Daar is 'n eerste, 'n tweede en 'n derde prys te wen. Twee vakansies te Port Edward of 'n week van u keuse in die Langkloof is die tweede en derde pryse.

### OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### KOSTER VLEISFEES

Neem kennis van die Vleisfees wat Koster hierdie eerste naweek in November aanbied. Die inligting is aangeheg.

### GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)



**MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN  
'N KANS OM EEN VAN DRIE VAKANSIES TE WEN**

**1ste Prys: 7 Dae vir 4 persone by Eden Palms,  
Palm Beach, Port Edward**

**2de Prys: 7 Dae vir 4 - 6 persone by Mer Bleue,  
Port Edward**

**3de Prys: 5 Dae vir 6 persone op 'n gasteplaas  
naby Joubertina in die Langkloof, Oos-Kaap**

**Trekking:  
13 November 2016**

***Kontak Hans Esterhuizen  
vir verdere besonderhede by  
084 581 2905***



# PLATTELANDSE basaar



**PAP EN KAIINGS | TUISGEBAK**  
**KERRIE EN RYS | POEDINGS**  
**SOSATIES | PANNEKOEK**  
**VETKOEK | VERMAAK | PRET**

**Kaartfasiliteite ook beskikbaar**



**Louis 082 851 6391 • Marie 082 703 8899**

HERVORMDE KERK KOSTER • Sauer straat • Koster • 0348

# VLEIS PRYSE

## WORS

Boerewors  
R 60/kg  
Gerookte kaaswors  
R 80/kg



## BEES

|                    |          |
|--------------------|----------|
| Mince (1kg)        | R 55/kg  |
| Biltong & Droewors | R 160/kg |
| Club steak         | R 65/kg  |
| T-Been             | R 70/kg  |
| Roast              | R 70/kg  |
| Bees Roll          | R 65/kg  |
| Murg Been          | R 45/kg  |
| Rumpsteak          | R 75/kg  |
| Fillet             | R 80/kg  |
| Chuck              | R 45/kg  |
| Stir Fry           | R 65/kg  |
| Goulash            | R 65/kg  |
| Brisket            | R 45/kg  |
| Sopbeen            | R 45/kg  |
| Kortrip            | R 45/kg  |
| Bees tonge         | R 45/kg  |
| Bees stert         | R 60/kg  |
| Bees niere         | R 30/kg  |

## VARC

|                   |         |
|-------------------|---------|
| Ontbeende Varknek | R 65/kg |
| Vark tjops        | R 45/kg |
| Vark nek/kook     | R 40/kg |
| Vark boud         | R 45/kg |
| Salami            | R 60/kg |

## LAM

|           |         |
|-----------|---------|
| Lam rib   | R 70/kg |
| Lam tjops | R 80/kg |
| Lam nek   | R 60/kg |
| Lam kook  | R 60/kg |
| Lamboud   | R 75/kg |

## HOENDER

|               |         |
|---------------|---------|
| Heel Hoender  | R 40/kg |
| Boudtjies dye | R 40/kg |
| Vlerkies      | R 35/kg |
| Fillette      | R 55/kg |

**Braai pakke R 36/kg**



**WILDS  
VLEIS**

se pryse is dieselfde  
as beesvleis pryse

Terwyl voorraad hou.  
Kaartfasiliteite ook beskikbaar

**Louis 082 851 6391 • Marie 082 703 8899**